



NetACT fasiliteer grensverskuiwende denke in Kenia

Vanaf 18 tot 20 Julie vanjaar het NetACT hul jaarvergadering met 'n werkswinkel oor *Gender Equality in Africa* gekombineer. Dit is aangebied in Kenia by die pragtige internasionale konferensiesentrum te Brackenhurst, 50 km noord van Nairobi.

NetACT (*Network for African Congregational Theology*) is 'n netwerk van teologiese instellings met 'n presbiteriaans-gereformeerde tradisie in Sub-Sahara-Afrika. Dit het in 2000 in Lusaka in Zambië ontstaan met die Kweekskool op Stellenbosch as basis. Prof Jurgens Hendriks is die uitvoerende beampte en 15 teologiese skole in 9 Afrika-lande (SA, Malawi, Zimbabwe, Mosambiek, Zambië, Kenia, Namibië, Angola en Nigerië) is deel van die netwerk.

NetACT het ten doel om deelnemende teologiese skole by te staan om leierskap te ontwikkel en die vlak van teologiese opleiding te verhoog.

Tydens die werkswinkel is daar gefokus op die neerdrukkende ongelykheid wat vroue in die kerk en samelewing in Afrika ervaar. Alhoewel daar geringe positiewe veranderinge hier en daar bespeur word, geniet vroue nog geensins gelyke regte in Afrika nie. Daar was voordragte oor geweld teenoor vroue, ongelykhede in die huwelik en gesinslewe, in die werksplek, in die samelewing en veral in die kerklike strukture.

Die doel van die werkswinkel was om die aanbiedinge uit verskillende dele van Afrika verder te slyp met die oog op die samestelling van 'n handboek met die titel: *To live with Dignity: Gender Equality in Africa*. 'n Volgende werkswinkel gaan die publikasie finaliseer vir verskyning teen Augustus 2013.

Die waarde van die werkswinkel was nie net om die omvang van ongelykhede te besef nie, maar om die stilte oor die onderwerp te help verbreek; in die meeste gemeenskappe is die blote bespreking van die onderwerp taboe.

NetACT ontsluit 'n dinamika wat teologiese nadenke in Afrika 'n reuse-hupstoot gee.

Kontak Kobus Odendaal by missio@kaapkerk.co.za.

Tydens 'n konferensie te Mkar, Nigerië op 22-23 April vanjaar is ons susterkerk daar, die NKST (*Nongo uKristu u I er u Sha Tar – The Universal Reformed Christian Church*), se herkurrikulering- en akkreditasie-proses vir hulle teologiese opleiding binne die verband van NetACT baie positief hanteer.